
# 1 Welkom terug by die skool

DATUM

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.




Ons lees

## Welkom terug!

Die klok lui. Vandag is die 10de Januarie, en die kinders is baie opgewonde omdat hulle terug by die skool is.

"Welkom terug," sê mevrou Smith.

"Kom ons kyk na die tydrooster teen die muur sodat julle julle naskoolse aktiwiteite kan kies," sê sy.

### Tydrooster

| Dag | Tyd | Aktiwiteit | Plek |
|---|---|---|---|
| Maandag | 14:00 | Netbal | Netbalbaan |
| | 14:30 | Sokker | Sokkerveld |
| Dinsdag | 13:30 | Kooroefening | Skoolsaal |
| | 13:30 | Noodhulp-opleiding | Skoolsaal |
| Woensdag | 14:00 | Sokker | Sokkerveld |
| | 15:00 | Dramaklub | Skoolsaal |
| Donderdag | 14:00 | Netbal | Netbalbaan |
| | 15:00 | Tuinbouklub | Tuin |
| Vrydag | 14:00 | Swem | Munisipale swembad |
| | 14:00 | Atletiek | Sokkerveld |